

# Waarheid & dwaling

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

JAARGANG 9, NO 6, Oktober 2003

REDAKSIONEEL

## Ore het U vir my gegrawe

In Psalm 40 wonder die psalmdigter hoe hy te werk kan gaan om die HERE te behaag. Vir die Ou Testamentiese kerkvolk was die bring van offerandes 'n bekende daad. Sulke offerdiens kan die HERE se geregtigheid egter nie bevredig nie. Daar moet iets anders gebeur. Daarom sê hy in vers sewe: Ore het U vir my gegrawe; 'n idioom wat sê dat die HERE hom tot gehoorsaamheid gebring het om die wet volkome uit te voer. Sommige meen dat hier verwys word na die tipiese slaweparktyk om 'n gekoopte slaaf se oorlel te deurboor en 'n kenmerkende slawering daaraan te sit. Hoe dan ook: die HERE het sy dienskneg volkome gehoorsaam aan sy Woord gemaak.

Die skrywer van die Hebreërbrief haal hierdie woorde, soos in die Septuagint vertaal, in hoofstuk tien vers vyf aan: Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My 'n liggaam berei.

Die Hebreërbrieffskrywer dui in hierdie vers aan hoe die volkome gehoorsaamheidsoffer van Christus teenoor die onaanvaarbare seremoniële diereoffers staan. Op hierdie manier word die woorde wat Samuel destyds tot Saul gespreek het, vervul: Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme (I Samuel 15:22). So dan ook die psalmdigter: U het geen behae in slagoffer of spysoffer nie; ore het U vir my gegrawe.

Hierdie boodskap sit die Here Jesus voort as Hy in Johannes 15:13 en 14 aan sy dissipels sê: Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel.

Jesus het hierdie uitsprake te midde van die kerklike organisasie van die Jode met hulle Fariseërs en Skrifgeleerdes gemaak. In dié lig het Hy ook laat weet: As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand (Johannes 15:6).

Ook in die dae van die reformasie van die 16<sup>e</sup> eeu het gelowige broeders ontdek dat die verbeeldingsvlugte van die papiste maar alles hersen-

skimme was. Oor die bieg, die aflaat, die vagevuur, die middelaarskap van afgestorwe heiliges, ensovoorts is daar geen grond of aanduiding in die Skrif te vinde nie. Hulle sou die argument kon gebruik wat ook onlangs by Sinode 2003 gehoor is: As 'n saak nie in die Bybel voorkom nie, beteken dit dus dat dit nie verbode is nie.

Intussen het die reformatore begin om die leer van die Bybel te bely: Sola Scriptura – die Skrif alleen. In die woorde van De Brès (NGB artikel 7) het dit ook die belydenis van die gereformeerde godsdiens geword: Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie – ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Galasiërs 1:8).

Kort hierna het die vaders van die reformasie weer met die ander kant van hierdie krisis te doen gekry. Ook die wederdopers en die sektes wil daarop aanspraak maak dat hulle alleen die Bybel as hulle norm en maatstaf vir die geloof neem. Hulle het die argument van die Roomse kerk net mooi omgegooi. Dinge wat nie in die Bybel beveel word nie, is volgens hulle deur God verbode. Hulle wou nie aanneem dat kindertjies gedoop mag word nie, omdat daar nie so 'n opdrag in die Bybel staan nie.

Dié siening van die Bybel was egter nie net tot die wederdopers beperk nie. Ook in die werke van die Skotse reformator John Knox is daar gereeld uitdrukkings soos: "The playn Word of God", "the express Word of God", "Gods own express commandment", "express commandment of Jesus Christ", "the strict Word of God", ensovoorts. Met die nagaan van die kontekste waarin hy hierdie terme gebruik het, besef ons dat hy die Woord van God in die strengste sin letterlik geneem het; presies soos dit in die Bybel staan. Hy was 'n radikale reformator wat nie middeweë geken het nie; selfs nie in die sogenaamde middelmatige sake, waarvan Calvyn gepraat het, waarvoor daar nie heersende beginsels neergelê was nie.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

### INHOUD

- 1 Redaksioneel  
Ore het U vir my gegrawe
- 2 Skrifoordeening  
Kerklike besluitvaardigheid  
Ds GJ Meijer
- 3 Aktueel  
Is daar vir my plek in Afrika? Gereformeerde onderwys en die hek  
Ds ALA Buys
- 5 Fokus  
Eenheid in verskeidenheid in die ampsdiens (2)  
Ds JR Visser
- 7 Op die kerkerf  
Regverdigmaking deur twee regsproesse (1)  
Dr AH van den Bout
- 8 Reformasie in die prediking (4)  
Prof VE d'Assonville
- 10 Rekenaar en Internet  
Sinode 2003 en stad Internet (2)  
Dr AH Bogaards
- 10 Persskou  
  - Lank lewe die onsekerheid!
  - Manlike God?
  - Vriendin-teologie

Knox se standpunt was: "In religion thair is na middes: either it is the religion of God, and that in everie thing that is done it must have the assurance of his awn Word, and than is his Majestie trewly honourit, or els it is the religion of the Devill"<sup>1</sup>.

Knox het die praktyk om onder gebed te kniel in die "Book of Common Prayer" gesensureer omdat dit nie eksplisiet beveel word nie. Hierdeur het hy die teenstand van Cranmer ontlok wat hierdie siening van Knox heeltemal verwerp het. "But, say they, it is not commanded in the Scripture to kneel, and whatsoever is not commanded in the Scripture is against the Scripture, and utterly unlawful and ungodly. But this saying is the chief foundation of the error of the Anabaptists and of diverse other sects...."<sup>2</sup>.

Ook Calvyn het gesien dat Knox se siening van die Bybel in verband met die godsdienstige seremonies te ver gegaan het. Hy het hom in 'n brief gewaarsku en die vertroude uitgespreek dat Knox se strengheid met onderskeiding beheer sal word.

Hierdie sake lê alles in die branding en vuur van die reformasie. Skrifhantering. Gehoor-

saamheid. Ons wil graag erns maak met die betekenis van die tweede gebod soos die Heidelbergse Kategismus dit in Sondag 35 uitlê: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.

Is dit dan geldig as Sinode 2003 sê: As iets nie eksplisiet verbied word nie is dit geoorloof? Of miskien die teendeel hiervan: As die Woord iets nie beveel nie, dan is dit verbode? Dit lyk beide na ooreenvoeligheid en selfs ongeldige gevolgtrekkings. Die een standpunt is verwant aan die Roomse godsdiens (vrysinig) en die ander aan dié van die wederdopers (biblisties).

Ore het U vir my gegrawe. Dit beteken: wat die Bybel in sy totale openbaring beveel mag ons nie nalaat nie. Wat die Bybel in sy totale openbaring verbied mag ons nie doen nie. Wie verder as dit wil gaan, gaan inderdaad te ver.

- 1 Soos aangehaal uit Knox: Laing's Knox iv, p 232, in die proefskrif van VE d'Assonville 1968, p 70.
- 2 Soos aangehaal uit Lorimer, op.cit. p 104 in die proefskrif van VE d'Assonville 1968, p 71.

#### VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Voorsitter:  
Dr AH van den Bout  
Tel 012 332 2988  
e-pos: vdenbout@mweb.co.za

Redaksie:  
Mev J de Wind  
Ds GJ Meijer  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel 012 546 4915  
e-pos:  
gjmeijer@absamail.absa.co.za

Medewerkers:  
Dr AH Bogaards  
Prof JM Boon  
Dr ALA Buys  
Dr EA de Boer  
Prof GJC Jordaan  
Ds SJMS Smit  
Dr AH van den Bout

Webbladsy:  
<http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712  
Totiusdal  
0134  
Tel 012 335 9134  
(Mev Hanneke Das)

Bankrekeningnommer:  
Spaarrekening 9054701904  
ABSA  
Pretoria Waverley

Intekengeld:  
R100 per jaar

Tegniese versorging:  
Printburo  
Posbus 25316  
Gezina  
0031  
e-pos: printbur@mweb.co.za

## SKRIFOORDENKING

# Kerklike besluitvaardigheid

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Lees: Handeling 15:22-29

Die kerkstryd rondom die sogenaamde besnydenisvraagstuk, waarvan Handeling 15 melding maak, was fel en hewig. Sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het die noodsaaklikheid van die besnydenis vurig voorgestaan. Nie net op die kansel nie (vers 1), maar ook in die kerklike vergadering te Jerusalem (vers 5) word daar dwingende eise in hierdie verband gestel.

Die vergadering te Jerusalem het in die behandeling van die vraagstuk eerstens na 'n uiteensetting van Petrus geluister. Ná Petrus het Barnabas en Paulus opgestaan om te praat. Al drie broeders toon uit die praktyk aan hoe God onder die heidene bekering bewerk. Die getuienis is oorweldigend.

Nieteenstaande al die goeie getuienis wat gelewer word, swyg die vergadering. Geen voorstel word gemaak nie. Geen besluit word geneem nie. Totdat Jakobus die Skrifte oopmaak. So sê die Here! Die oomblik wat dit gebeur, word die vergadering besluitvaardig – gereed om in die lig van Gods Woord tot 'n oordeel te kom.

## Dat en hoe

Tot drie maal toe word daar in Handeling 15 herhaal dat en hoe die vergadering tot 'n besluit gekom het.

- Vers 22: Toe het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit.
- Vers 25: Ons het eenparig besluit.
- Vers 28: Want die Heilige Gees en ons het besluit.

Elke keer val die klem op iets anders - vir ons tot lering. In die eerste plek: 'die Heilige Gees en ons het besluit'. Dit beteken dat die Heilige Gees vir Jakobus lei om die Skrifte oop te maak en toe te pas. Langs dié weg is die besluit wat geneem is 'n besluit van die Heilige Gees en die kerkvergadering in Jerusalem. In die tweede plek: 'ons het eenparig besluit'. Die ampsdraers van beide gemeentes was eensgesind. In die kerkverband word een besluit geneem. Die gevaar van tweedrag word met die eenparige besluit finaal uit die weg geruim. Daarmee saam, in die derde plek: die hele gemeente van Jerusalem is

deel van daardie eenparige besluit. God die Heilige Gees het ook in die harte van die gelowiges uit die party van die Fariseërs gewerk. Na aanleiding van alles wat hulle gehoor het, het hulle ingesien dat hulle verkeerd is. Ook die predikers wat in Antiochië die besnydenis as absolute voorwaarde vir redding gestel het, erken die erns van sulke dwaalleer. Hulle skaar hulle almal eendragtig agter die profesie van Amos en die toepassing daarvan.

'Die Heilige Gees en ons het besluit', 'ons het eenparig besluit', 'ons het almal saam besluit': so kan en moet daar in die kerklike lewe gehandel word. Daar moet vir leiding van die Gees gebid word. Daar moet gevra word vir harte en verstande wat wyd oopstaan vir die evangelie van Jesus Christus. Daar moet in die Skrifte na die suiwer beginsel gesoek word. Daar moet tot op die kern van vraagstukke deurgedring word, sodat die beginsel lynreg toegepas kan word. As hierdie dinge gebeur, kan 'n mens in eerbied sê: 'ons het onder leiding van die Heilige Gees besluit'. Dan kan ook vertrou word dat daar oor belangrike sake eensgesindheid sal wees. Dan hoef daar geen stille vrees te wees dat sekere lidmate of kerke in die kerkverband later met besware na vore gaan tree nie. Die vergadering wat hom volkome deur die Gees van Christus laat lei, sal eensgesind wees in dit wat hulle besluit.

### Gelowig sensitief

Wat die deurgee van die besluit van die kerkvergadering in Jerusalem betref, is dit opmerklik hoe gelowig-sensitief daar te werk gegaan is. Die afgevaardigdes van Antiochië word nie net met 'n besluit op papier huis-toe gestuur nie. Twee voorgangers van die gemeente in Jerusalem, Judas en Silas, gaan saam om die besluit mee te deel en toe te lig. Bowendien gaan die gemeente van Jerusalem in op die onrus wat hulle predikers se dwaalleer in Antiochië veroorsaak het. Die gemeente in Jerusalem besef baie goed dat die vertroue tussen die kerke geskaad kon word. Daarom

gee hulle 'n verduideliking, dat hulle vir die betrokke predikers geen opdrag gegee het om sodanige leer oor die besnydenis te verkondig nie. Ook spreek hulle die hoop uit dat die eenparige besluit wat hieroor geneem is, alle onrus en ontsteltenis uit die susterskerk se hart sal wegneem.

In al hierdie dinge proe 'n mens die mooiheid van gelowige belewering van kerkverband. Susterskerke van een kerkverband luister na mekaar, dra mekaar, vertrous mekaar, bemoedig mekaar. So verwag die Here dit van ons. Aan dié dinge moet ons in ons Gereformeerde kerkverband hard werk. Dit gebeur daadwerklik dat sake by 'n klassis of 'n sinode klinies-koud hanteer word. Formeel word al die punte dan bes moontlik korrek gestel. Sake word 'met bekwame spoed' behandel en afgehandel. Breedvoerige verslae en notules word opgestel en na die tyd aan al die kerke beskikbaar gestel. Dan kom die vraag tog op: waar is die warmte wat hiermee moet saamgaan? Nee, geen sentimentele warmte wat die skerpheid van sake stomp maak nie, maar die warmte van die Heilige Gees waarvan die hele Handeling 15 gloei. Warmte wat Paulus en Barnabas vurig laat opstaan as daar dwaalleer verkondig word. Maar ook warmte wat dwaalleraars tot bedaring bring as Jakobus die Skrifte laat spreek. Warmte wat die vergadering 'n brief laat skryf waarin hulle die kerk van Antiochië bemoedig om nie verontrus te bly nie. Van sulke heilige warmte moet ons vol word.

In so 'n geloofs-warm atmosfeer kan enige gelowige of kerk met 'n bepaalde saak na die kerkverband toe gaan. Die kerkverband sal sê: ons sal deeglik na julle saak luister, opreg daarop ingaan, eerlik daarop antwoord in die lig van God se Woord.

Kerkverband is 'n wonderlike gawe van God die Here. Die Here se eis wat hiermee saamgaan is dwingend: ondersoek sake diepgaande, besluit eendragtig in ware geloof. Dan sal die kerkverband veel vrag oplewer waarmee die plaaslike kerke en elke gelowige sinvol verder kan werk.

### Aktueel

# Is daar vir my plek in Afrika? Gereformeerde onderwys en die hek

Ds ALA Buys, Pietersburg-Noord

Hierdie artikel is die neerslag van 'n toespraak wat tydens ARSO se internasionale dag vir gereformeerde onderwys op 1 Februarie 2003 in Pretoria gelewer is.

In die more vroeg  
het hy naby die hek gelê, slu, en moeg  
maar waaksaam; en opgestaan later  
toe dit warm word, en uit die potte die water  
gedrink en weer by die hek gaan wag;  
en ná die dag se hitte en die lang nag  
en die skrik, het honger en dors, dié twee,  
die slawedrywers, hulle maar gedwee  
en sku om water en om kos laat gaan;  
en Raka, die skelm dier, het opgestaan  
en hulle laat loop, en self naby gaan jag;

maar niemand het gewaag om met een slag  
die smal hek ooit weer teen hom te sluit.

"Maar niemand het gewaag om met een slag  
die smal hek ooit weer teen hom te sluit."

U herken dit natuurlik as die slot van NP van Wyk Louw se Raka<sup>1</sup>. Is daar plek vir my in Afrika? Is daar nog plek vir my in Afrika? Is daar vir my ook plek in Afrika? Wanneer daar na tendense in en rondom gereformeerde onderwys gekyk word, kan 'n mens van eksterne en interne tendense praat.

Ek is deeglik daarvan bewus dat Van Wyk Louw deur Jan en

alleman vergeet en onthou word, aangehaal en misbruik word. Daarom wil ek aan die begin stel dat ek nie 'n pleitbesorger is vir Van Wyk Louw se kultuur- of taalbeskouing nie. As gereformeerde wat vandag oor onderwys nadink, lê die klem oor taal en volk en grond anders. Tog het Van Wyk Louw hier 'n aangrypende beeld beet, die hek.

Ons ken die verhaal van Raka goed. Raka, die dwaas, die groot swart dier wat Khoki, ten spyte van sy moed, doodmaak. Die effek daarvan op die vroue en die ander mans en veral op die kinders, is dat hulle uit vrees, uit 'n onverklaarbare verwondering, nie die hek van die kraal toemaak nie. Hulle mag bly bestaan, maar dis 'n blote voortbestaan van kos en water soek - en dit alles op Raka se voorwaardes. Van Wyk Louw bedoel dat die natuurkrag, die oer, die bloed, self maar weer kultuurmag word. Of 'n mens daarmee saamstem is nie nou die punt nie.

Ek wil graag die beeld aangryp van die hek, dit 'n bietjie omvorm en dan vir Van Wyk Louw in sy Afrika-anse pessimisme laat staan. 'n Hek laat in en 'n hek laat uit. Maar niemand het gewaag om met een slag die smal hek ooit weer teen hom te sluit.

Kom ons kyk wat buite die gereformeerde onderwys in Afrika se hek is, die genoemde eksterne faktore. Daarna kyk ons na wat binne die hek is, waarom die hek nie goed vasgemaak is nie en wat die gevolg daarvan is.

## Ubuntu-onderwys

Die grootste Raka-tendens buite die gereformeerde hek is vandag, vreemd genoeg, nie die post-modernisme nie; selfs nie eers menseregte nie, maar Ubuntu, Afrika nasionalisme, stam-geloof: Ek is 'n mens deur 'n ander mens. Waarom maak ek die stelling dat Ubuntu die grootste bedreigende tendens vir gereformeerde onderwys is? Omdat post-modernisme en menseregte slegs die voorbereidende stutpale vir die oer-Raka van hierdie plek is.

Die post-modernisme skud met sy twyfel die fundamente - ook van die gereformeerde kerk en onderwys. Kyk maar na die sinodale "duidelike-onduidelikhede" wat al so veilig voor die hek staan. Post-modernisme sal nie oorbly om die storie te vertel nie. Ek verwys hier na prof Amie van Wyk wat onlangs in Die Kerkblad tereg aantoon dat Afrika nie vir sissies is nie; dat post-modernisme net gedy waar die mense ryk, en verveeld met hulle gode is.

Daar is talle aanduidings dat ook die gereformeerdes binne een of twee dekades armlastig gaan wees en dus nie post-modernisme sal kan bekostig nie. Die breuk is dan reeds geslaan. Individueel gerigte menseregte, soos dit veral in Wes-Europa ontwikkel het, sal 'n kort rakleef tyd beleef voordat die uiteindelijke Raka, groepgerigte stam-religie, in al sy naaktheid voor die gereformeerdes en hulle kinders sal kom staan. Ek is 'n mens deur 'n ander mens. Weg is Dordrecht, weg is die uitverkieping. Dit gaan so aanloklik vir die arm en arme gereformeerde oor wees. My kind is 'n kind deur 'n ander kind. Dit klink amper verbondsmatig. Bind die verbond ons tog nie aan mekaar nie?

Hoor hoe klap die hek. Hy is nie vasgemaak nie. Kyk hoe flanker die gereformeerdes met hulle post-moderne eksegeese onder die son op die aarde met sosio-historiese eksegeese, wat gaan oorspoel om teksies vir menseregte in die Skrif te ontdek. Dan uiteindelik, vanweë die demografie,

sien hulle Raka met sy bebloede bek: die stamgodsdien - ubuntu, maar dan Afrikaanse ubuntu. Gekoppel aan die huidige verafgoding van die staat en mens ontstaan 'n situasie waar gereformeerde ouers hulle kinders by staatskole gaan aflaai, skoolgeld gaan betaal en verskriklik verwonderd gaan wees dat die kinders anders praat en glo as hulle. Die kinders is toe kinders van ander kinders van Afrika.

Die tendense buite die hek is egter nie so groot en gevaarlik soos dié wat binne die hek is nie; dinge wat niemand op die gereformeerdes afgedwing het nie, maar deur onself daargestel en instand gehou is. Die gereformeerdes het binne die hek hulle eie grootste Raka geword.

## Inploffing

Die gereformeerdes is besig met 'n demografiese inploffing. Voordat ons kan praat oor gereformeerde skole moet ons tog sekerlik begin praat oor gereformeerde babas. As ons na die gereformeerdes se deursnee optrede kyk, lyk dit nie of hulle glo dat God 'n goddelike nageslag wil sien nie. Hier het ons die slagoffers geword van die kapitalisme wat sê: baie kinders is te duur.

Die gereformeerdes gaan in die toekoms vanweë hierdie inploffing meer oor ouetehuse en sinvolle aftrede praat as oor skole; ook geldgewys. Die feit bly staan: dis in Afrika ook te duur om te min verbondskinders te hê. Die kerk se toekoms word effektief daardeur bedreig. Die kerkstryd is dus ook 'n skoolstryd. Min arm kinders, of 'n rykdom van baie verbondelinge.

## Verbond skeefgetrek

Tweedens is daar 'n tendens van 'n outomatiese verbondsbeskouing onder gereformeerdes. Uitverkieping en verbond word bykans identies gestel. Die verbond word só skeefgetrek dat die verbondsverpligtinge byna geen plek kry saam met die verbondsbeloftes nie. Om 'n voorbeeld te noem: op die vraag of gereformeerde ouers nog steeds hulle verbondsverpligtinge binne die staatskool-opset kan nakom, hoor 'n mens die verskriklike werklikheid dat die gemiddelde gereformeerde nog 'n salige vertrouwe in die staatskool het. Hulle word dan nog aangehelp met allerlei vae riglyne hoe om oor kurrikulum 2005 die wag te hou, of om nie die matjie onder die voete van gereformeerde onderwysers in die staatskole uit te pluk nie.

## Pragmaties

As gevolg van bogenoemde het die verbondseise op die agtergrond geraak. Volgens aanvanklike sinoderapporte is almal dit eens dat gereformeerde skole die ideaal is ... waar prakties moontlik. Dis soos om vas te glo dat God die huwelik wil - as ideaal - maar net waar prakties moontlik. Intussen word saambly as goedkoper opsie verkies. Wie het gereformeerdes die reg gegee om God se verbondsbevele tot blote ideale af te water, wat dan ook net in sekere gevalle nagekom word soos die praktyk dikteer? Gereformeerde ouers maak hulle kinders saam met en tussen kinders van ander gelowe en heidenkinders groot. Drie afgodjies is hier ter sprake: Vader-staat sê so, die afgod Bal (rugby en krieketbal), en die vaste vertrouwe dat afgod blootstelling jou kind immuniseer: in die wêreld maar nie van die wêreld nie.

## Grondslae van 'n nuwe samelewing

Vanweë al hierdie faktore het die gereformeerdes al hoe meer hulle eie staanplek prysgegee. Ons het ingekalf teenoor die Roomse genade-natuur, teenoor die charismatiese sielsaligheid en individuele gawes. Ons het gestaak om te werk aan die daarstelling van grondslae vir 'n nuwe samelewing.

Ons voorsien die heidendom tans tydelik van versies om te sê dat die Here ons ook toestemming gee om net soos hulle te maak. Ag, dis 'n stadige proses, maar geleidelik swaai die hek oop. Het die gereformeerdes die grens tussen kerk en wêreld afgegee waar dit hulle kinders betref?

Binne die hek van die gereformeerde kerk is alle dinge dus nie pluis nie. Die gereformeerdes en hulle kinders het in wese die doodsakker inbeweeg.

Gaan ons oorleef in Afrika? Ja, op Raka se terme, met die huidige halwe hek. Dit is egter geen aanbidding van God nie. Tronkvryheid. 'n Oerstam wat Afrikaans praat met sekere oorgeërfde mites en simbole wat jy kan naspur tot in die voor-christelike Europa. Waar is die innerlike krag en

oortuiging? Van die geloof om yster met jou hande te buig - as God dit wil - het daar niks oorgebly nie. 'n Christuslose Afrikastam - dis waarheen ons op pad is en waaraan ons meehelp. Wie die skoolstryd verloor, het die kerkstryd verloor.

## Gaan ons oorleef in Afrika?

Dis nie die vraag nie.

Gaan ons gehoorsaam leef in Afrika? Gaan ons die verbond in al sy eenvoud en diepte hou? Gaan ons die hek dig toehou as beskerming vir ons kinders? Gaan ons die hek oopmaak vir oorlog met Raka - wat in die bloed van Christus oorwin kan word? Gaan ons ons kultuurmandaat nie meer oorgee aan die oerkrag van die in sondegevalle natuur nie? Daarom moet ons met geloof begin optree. Daarom moet ons begin werk aan die grondslae van 'n nuwe samelewing. Die keuse is eenvoudig. Wat bely ons? 'n Oop graf of 'n oop hek?

1 Versamelde gedigte (2002:119), uitgegee deur Human & Rousseau

## FOKUS

# Eenheid in verskeidenheid in die ampsdiens (2)

Ds JR Visser, Pretoria

In die vorige artikel oor hierdie onderwerp is daar vanuit die geskiedenis en die Skrif gekyk na die ontstaan en ontwikkeling van die diakenamp. In direkte aansluiting daarby die volgende:

Nie net in Jerusalem nie, maar ook in ander Nuwe Testamentiese gemeentes word diakens aangestel - waarskynlik 'n soortgelyke ontwikkeling as in die gemeente van Jerusalem. Die ouderlinge kon nie meer al hulle take nakom nie. Al hoe meer gemeentes het daartoe oorgegaan om diakens te verkies. Op hierdie manier kon die barmhartigheidswerk in die gemeente goed funksioneer.

Met die ontwikkeling van die apostelskap na verskillende ampte is dit duidelik dat die ampsdraers saam Christus se gemeente moet versorg. Hulle moet sy genadeheerskappy aan die gemeente en die wêreld wys. Hulle moet só werk dat Christus se vrede in die gemeente woon en deur die gemeente die wêreld instraal.

Hierdie eenheid moet in die verskeidenheid gewys word. Dit is goed en heilsaam om steeds weer op hierdie eenheid te let. Nogtans mag die eenheid nie die verskeidenheid van take en opdragte dooddruk nie. Elkeen het in sy amp 'n eie verantwoordelikheid van en vir die Here gekry.

Die predikant is veral verantwoordelik vir die prediking en die verdere onderwys in God se Woord. Hy is ook saam met die ouderlinge geroep tot versorging en regering van die gemeente. Hierby behoort die toesig oor en die tug in die gemeente. Die ouderlinge moet saam goeie leiding aan die gemeente gee.

Die goeie leiding aan die gemeente word op hierdie punt nie van die diakens gevra nie. Dit wil nie sê dat die advies van die diakens nie van groot waarde kan wees nie. Die ouderlinge moet egter oor hierdie punte besluite neem; dit is hulle verantwoordelikheid. Só het dit in die gereformeerde kerkregering gefunksioneer. 'n Illustrasie daarvan is die besluit van die Partikuliere Sinode van Zuid-Holland in 1644 waarmee die ander Partikuliere Sinodes saamgestem het. Daar was onenigheid in die kerkraad van Rotterdam. Die diakens van Rotterdam was van mening dat hulle saam met die ouderlinge moet besluit oor die uitbreiding van die aantal ouderlinge in die gemeente. Die Partikuliere Sinode se uitspraak is: "dat dese ende diergelyjke stucken de regering der kercken aengaende, den diaconen nie toe en kommen, noch volgens Godts Woort, noch volgens het formulier harer bevestinge, noch ook volgens voorgaende synodale resolutiën. Ende wat aangaet den 6 Art. Synodi Embdensis 1571, blijkt uyt den naerder verclaringe daarvan in Synodo Dordracena 1574, Art. 4, dat se dan eerst in diergelyjke saken hebben te adviseren, wanneer sij van de kerckenart daertoe geroepen worden".

Die diakens het hulle eie taak, naamlik om die vrede van Christus in hulp en vertroosting uit te dra; om die gemeente so te help en te stimuleer dat hulle dit ook buitentoe kan uitleef. Die diakens het hierby hulle eie beslissingsreg en verantwoordelikheid gekry. Dit word beskryf in artikels 25 en 40 van die Kerkorde:

- Artikel 25: "Die eintlike amp van die diakens is om die liefdesgawes in geld en goedere wat aan die armes gegee

word, nougeset te versamel en dit met gesamentlike oorleg getrou en vlytig uit te deel volgens die eis van die behoefte aan sowel die behoeftiges in die gemeente as aan ander ... Die diakens moet in die kerkraad verslag doen van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente wanneer die kerkraad dit geskik ag.”<sup>1</sup>

- Artikel 40: “Die diakens moet gereeld saamkom om met die aanroeping van die Naam van God te handel oor die sake wat hulle amp aanbetref.”

Die laaste sin van artikel 25 beteken nie dat die ouderlinge oor diakonale sake en hulpaansoeke besluite neem nie. Vanuit 'n goeie verhouding met mekaar moet aan die ouderlinge, wat oor die gemeente regeer, verslag gedoen word.

## Enkele konkrete aanwysings

Hoe kan ons nou prakties, in alle verskeidenheid, vorm gee aan die samewerking om die gemeente van Christus te dien?

Alle ampsdraers moet ingestel wees op 'n innige samewerking in Christus se diens. Met opset word die woord innig gebruik. Dit gaan hier naamlik oor 'n noue samewerking, wat deur die liefde vir Christus gedra behoort te word. Dit gaan oor Christus en nie oor onself of ons amp nie.

‘n Saak waarby hierdie samewerking duidelik na vore kom, is die talstelling. Soms hoor 'n mens iemand vra: “Sou dit nie beter wees dat dit net deur die ouderlinge gedoen word nie? Die ouderlinge weet tog van dinge wat vertroulik is en waarvan die diakens nie weet nie?”

Hierdie redenering doen egter tekort aan die gedagte om as broeders saam die goeie vir die gemeente te soek. Dit hou te min rekening met die onderlinge vertroue wat daar onder die ampsdraers behoort te wees. Hulle behoort hieroor voorbeelde vir die gemeente te wees. By talstelling kan dit gebeur dat die voorsitter of die wyksouderling van 'n sekere broeder moet sê dat hy om bepaalde redes nie as ampsdraer kan dien nie, alhoewel die rede waarom hy nie kan dien nie, nie verder bespreek kan word nie. Waar Christus se liefde woon, behoort dit geen probleem te wees nie. Tog is dit belangrik dat die diakens ook by die talstelling betrokke is. Daar kan saamgepraat word oor wie die gemeente as ouderling en diaken nodig het. Dit kan na goeie oorleg selfs daartoe lei dat iemand wat al voorheen ouderling was, nou as kandidaat vir die diakenskap op tal kom. Met een of ander degradasie het dit niks te doen nie. Dit kan ook daartoe lei dat die vergadering na 'n goeie gesprek daarvan oortuig raak dat 'n broeder wat geskik is om as diaken te dien, eerder as ouderling in die gemeente moet arbei. In alles moet dit oor die belang van Christus se gemeente gaan. Dit vra juis vir 'n oop gesprek in die kerkraad. Die oop wees na mekaar is van die grootste belang. Christus se liefde moet onder die ampsdraers heers. Daarom is dit so belangrik dat die ampsdraers manne vol van die Heilige Gees sal wees.

Hierdie openheid moet daar eweneens wees tussen diakens en ouderlinge wat in dieselfde wyk werk; so ook na en van die predikant. As 'n diaken sekere probleme in 'n gesin opmerk wat nie diakonale sake is nie, sal dit goed wees dat hy dit met die wyksouderling en/of die predikant bespreek.

Hulle kan saam besin wat gedoen moet word om hierdie gesin in die regte rigting te lei.

Die predikant en die ouderlinge behoort op dieselfde manier met die diakens te werk. As dit nodig is om 'n broeder of suster amptelik te vermaan en die tug toe te pas, is dit goed om die wyksdiaken daarvoor in te lig; hy behoort daarvan te weet as iemand in sy wyk van die nagmaal afgehou, of verder getug word. Die wyksdiaken kan sodoende sekere reaksies van die broeder of suster beter verstaan.

Dit is belangrik dat preekbesprekings gereeld op die kerkraad plaasvind. Die diakens, met hulle wysheid, kan onmisbare insette lewer. Dit is vir die predikant van die grootste belang om deur al die ampsdraers in die prediking gehelp te word.

Sonder goeie kontak tussen diakens, ouderlinge en die predikant kan die gemeente van Christus nie met genoegsame sorg opgebou word nie. Hierby is openheid vanuit die saamwerk aan die vrede van Christus in die gemeente noodsaaklik. Die vrede van Christus behoort tussen die ampsdraers sigbaar te wees in hartlike vertroue teenoor mekaar. Vertroue vanuit die gesamentlike liefde vir Christus en vir sy gemeente.

### 1 Nuwe redaksie van artikel 25

Die amp van die diakens is om sorg te dra dat die gemeente hulle eenheid in Christus in daadwerklike onderlinge liefde beoefen. Hulle opdrag is om almal in die gemeente te besoek en uit die Skrif toe te rus en aan te spoor tot daadwerklike liefde teenoor almal, in besonder teenoor die medegelowiges; verder sien hulle toe dat niemand om watter rede ook al van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie. Die liefdesgawes moet sorgvuldig ingesamel, met wysheid bestee en met vertroosting uit die Skrif uitgedeel word. Die diakens doen in die kerkraad verslag van hulle werksaamhede en, indien verlang, ook voor die gemeente soos wat die kerkraad dit geskik ag.



## FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, 0186 Villieria  
Tel 012 329 0031, Faks 012 329 5927  
Posbus 11607, 0121 Queenswood  
E-Mail: iti03960@mweb.co.za

‘En as ek sterwe’ deur ds Hennie Momberg gee 'n verduideliking van wat die Bybel self oor sekere vroeë aangaande die lewe na die dood verkondig. Terwyl die Bybel tog wel sekere sake pertinent openbaar, moet ons nie ons kop wegdraai met die verskoning dat ons nie in die verborge dinge van God mag grawe nie. Natuurlik mag ons nie nuuskierig krap in die dinge wat God nie vir ons openbaar het nie. Wat Hy egter wel in sy Woord aan ons openbaar het, mag ons tog met blydskap aanneem, gelowig bestudeer en logies orden.

Indien u miskien deur iemand naby aan u of moontlik deur u eie omstandighede deur die werklikhede van die dood gekonfronteer word, is dit die opregte bede van die skrywer dat u deur die inhoud van hierdie boek vertroos gaan word, omdat daar die heerlike verwagting is om saam met Christus Jesus te wees in die huis van sy Vader en deur Hom ook ons Vader.

Die prys is R39,95

# REGVERDIGMAKING DEUR TWEE REGSPROSESSE (1)

Dr AH van den Bout, Pretoria

Na 'n onlangse preek oor artikel 22 van die Nederlandse geloofsbelydenis, waar dit handel oor ons regverdiging deur die geloof, het ons weer verwonderd stilgestaan by die verlossing wat God deur die geloof in Christus bied. Nie die daad van geloof maak ons regverdig nie. Die geloof is slegs 'n middel waardeur ons Christus omhels. God reken ons Christus se hele verdienste toe; ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het. Die geloof is die middel wat ons in die gemeenskap aan Hom en al sy weldade verbind.

Daarom is dit goed om stil te staan by die regsprosesse wat deur God met die mens aangegaan is. Nie een regsproses nie, maar twee regsprosesse het plaasgevind. Die hoofproses is tussen God en die mens nadat hy gesondig het. Die tweede proses kan as 'n verhoor binne 'n verhoor aangedui word; God het daarin Christus se borgstelling verhoor en beslis dat Christus aan sy borgstelling voldoen het. Daardeur het Christus die reg verwerf om in die hoofproses, wat hierna aangaan, as verteenwoordiger van die mens op te tree. Die hoofproses is dus dié van verteenwoordiging en die proses binne die proses dié van borgstelling.

## Die hoofproses

God het vir die mens gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" (Genesis 2:16, 17). Die mens kon en het hierdie proefgebod oortree. Hy het hom deur die Satan laat verlei en het saam met die Satan teen God in opstand gekom. God het die mens onmiddellik ter verantwoording geroep.

Die mens is in 'n staat van beskuldiging gestel en tydelik tot dwangarbeid veroordeel. Vir die man het Hy gesê: "Vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer" (Genesis 3:17, 18, 19). Vir die vrou het God gesê: "Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hy sal oor jou heers" (Genesis 3:10).

Voordat die mens in die eindoordeel finaal voor God moet verskyn, is hy veroordeel tot die tydelike afbraak van hierdie wêreld en van sy eie liggaam met die dood.

## Die proses binne die proses

God het tegelykertyd 'n proses binne 'n proses met die moederbelofte begin: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt" (Genesis 3:15). God wys hier onmiddellik 'n verteenwoordiger aan wat namens die mens die straf moet ondergaan. In menslike strafsake kan daar geen verteenwoordiging plaasvind nie. Geen mens kan vir 'n ander mens boet en sodoende sy straf dra nie. Verteenwoordiging vind wel by sessiereg plaas, maar nie by strafsake nie. Christus, wat as Verteenwoordiger van die mens aangewys is, voldoen aan al die

vereistes om die straf te ondergaan en koop daarmee almal vry wat in Hom glo.

By die eindgerig sal slegs dié vrygespreek word wat in Christus, as hulle Borg en Middelaar, geglo het. Die geloof self word egter gewerk in die uitverkorenes wat reeds uitverkies is voor die grondlegging van die wêreld. Dié wat nie in Hom geglo het nie, wetend of onwetend, bly skuldig en word na reg tot 'n ewige straf veroordeel.

## Die vier stappe in die binneproses

Daar is vier stappe wat by die borgstelling van Christus afsonderlik aangewys kan word. Die eerste stap is dat God Self die Borg, naamlik sy Seun, met die moederbelofte vir die mens aanwys. In die tweede stap word Christus aanspreeklik gehou vir alle sondes van die mense wat in Hom geglo het as hulle Borg en Middelaar. By die derde stap betaal Christus vir die sondes van die mens deur sy menswording – sy vernedering, lyding, liggaamlike dood en Godverlatenheid. Christus gaan selfs aan die kruis deur die hel van absolute Godverlatenheid tydens die drie uur lange duisternis. As vierde stap aanvaar God, as Regter van die wêreld, die betaling van die skuld van elke mens wat in Christus geglo het. Met Christus se borgstelling is aan al God se voorwaardes voldoen. Hierdie proses binne die proses, die borgstelling, eindig met die finale aanname dat Christus inderdaad met sy borgstelling voldoen het om vir al ons sondes te betaal. Hy kan nou in die hoofproses as ons Verteenwoordiger en Middelaar optree.

Hierdie proses binne 'n proses vind plaas terwyl God se regspraak met die sondige mens nog nie afgehandel is nie. Christus se borgstelling is nie al in die paradys afgehandel nie; dit word ook nie eers by die eindoordeel afgehandel nie. Christus het in die middel van die tye gekom om as Borg vir ons sondes te betaal. Die afhandeling van die hoofproses vind eers op die jongste dag, by die eindoordeel plaas.

## Christus se borgstelling

Die borgkontrak kan slegs bestaan as die hoofskuld nog bestaan. As die hoofskuld deur borgstelling wegval, word die borgstelling daarmee beëindig. Christus het as Borg ons hoofskuld betaal en kan nou van God eis dat alle aksies en vorderingsregte aan hom gesedeer word. As Borg is Christus ook daarop geregtig om dit wat Hy ter voldoening van die skuld betaal het, van die skuldenaars te verhaal. Christus het met sy borgstelling al ons skuld by God losgekoop. Daardeur is Christus Eienaar van almal wat in Hom glo en van die wêreld as skepping. Christus regeer die wêreld.

As borgstelling beëindig word, word die borg bevry, selfs al sou die hoofverbinding nog bly voortbestaan. Christus het sy borgstelling gedoen en is as Borg bevry. Hy het betaal. As Borg het Hy nou die reg gekry om as Middelaar by die hoofproses op te tree.

### Christus se verteenwoordigingshandeling

Christus tree as Middelaar met 'n volmag van God Self op (ex lege Dei). By die hoofproses, waar Christus as Middelaar optree, is daar 'n aantal vereistes waaraan sy verteenwoordigingshandeling moet voldoen. Eerstens moet daar wilsooreenstemming wees tussen die persoon wat verteenwoordig word en die verteenwoordiger. As 'n mens nie in Christus glo nie, is daar geen wilsooreenstemming tussen Christus en die sondige mens nie. Dit beteken dan ook dat Christus nie as Verteenwoordiger vir daardie mens kan optree nie. Hiermee is dit duidelik dat daar geen algemene versoeningsleer kan bestaan nie.

Verder is Christus handelingsbevoeg. Christus was sowel volkome mens as volkome God; Hy is die Seun van God. Daardeer is Hy in staat om aan die vereistes van God se strafmaatreëls te voldoen. Slegs 'n mens kan vir die mens se sondes betaal.

Derdens was dit vir Christus sowel juridies as fisies moontlik om as Verteenwoordiger vir die mens op te tree. Christus

was met 'n volmag deur God aangewys. Deurdat Christus sonder sondes was, was hy fisies in staat om namens die mens die straf te ondergaan. Christus was nie 'n skynmens nie. As mens was dit fisies slegs vir Christus moontlik om aan die straf te voldoen, deurdat hy ook tegelykertyd God was.

Laastens het Christus aan die verteenwoordigingshandeling se vereiste van die volmag voldoen aangesien Christus ex lege Dei, van God Self, opgetree het. Hierby is dus geen sprake van 'n lasgewingskontrak of van 'n dienskontrak nie. Ook is ratifikasie, waarby daar agteraf goedkeuring gegee word, nie ter sprake nie. Die prinsipaal, naamlik die sondige mens, was vir God heeltemal handelings-onbevoeg. Daarom het God Self reeds met die moederbelofte aan Christus die volmag verleen om as Verteenwoordiger van die mens op te tree.

Christus tree volgens God se volmag na regsweë as 'n kurator of 'n voog namens die handelings-onbevoegde persone op; in ons eie regstelsel sou dit vir kinders of kranksinniges wees. Waar volmag skriftelik of mondelings kan wees, is daar by Christus nie sprake van 'n stilswyende volmag nie. Dit is wel 'n spesiale volmag om al die nodige en gewone middele tot Christus se beskikking te stel om sy volmag effektief te kan uitvoer. Christus moes 'n mens word om vir die mense te kan betaal. Daarom moes Christus in alles aan ons gelyk word.

## OP DIE KERKERF

# Reformasie in die prediking (4)

Prof VE d'Assonville, Pretoria

### “Mooi” preke wat Jesus se kruis tot niet maak

Ná Paulus se vertrek uit Korinte, moes die gemeente ander predikante kry om te kom preek. Jammerlik, maar dit was manne van 'n “nuwe teologie”. Hulle kon vertel van die “nuutste navorsing” oor die evangelie van Jesus Christus. Dit was predikers van die gnostiese rigting; die teoloë wat die Griekse gnosis (= kennis) aangepas het by die christelike godsdiens. Hulle verligte kennis en wysheid het hulle by buite-bybelse bronne in die Griekse filosofie en die heidense misterie-godsdiens gekry. Dit was 'n ander kennis as wat Paulus gepreek het; dit was 'n ander wysheid. Wat hierdie jong gnostiese predikers betref was Paulus se teologie verouderd, outyds. Hy is volgens hulle nie “wetenskaplik” nie; hy ag die Ou Testament te hoog teenoor die “nuwe woord” van die Nuwe Testament. Hulle sê die god van die Ou Testament is selfs 'n ander god as die “godheid” (= Jesus) van die Nuwe Testament. Die god van die Ou Testament is die demiurg uit die filosofie van Plato. Hy is die laer god; die primitiewe, wrede god.

Vir die prediking in die gemeente van Korinte was dit rampspoedig. Uiterlik was dit “mooi” preke, vol van wêreldse wysede wat met die grootste welsprekendheid verkondig is. Dit was egter inhoudloos, leeg, ydel. Oor hierdie toedrag van sake was Paulus hoogs ontsteld. Hy moes die Korintiërs dadelik in sy eerste brief reghelp:

“Christus het my gestuur om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie” (1 Korintiërs 1:17).

Ja, so is dit vandag nog. Die dominee kom met 'n “kispreek” voor die dag. Sy sogenaamde “mooi preek” betower die gemeente. Sy meeslepende betoog met “wysheid van woorde” laat hulle vasgenaël op die kerkbanke sit. Tog, onder al hierdie “wysheid van woorde” word die kruis van Jesus Christus tot niet gemaak.

Dit is presies wat in 1 Korintiërs 1:17 staan. Die Griekse woord wat Paulus vir verydel gebruik, beteken letterlik leegmaak. Soos wat 'n mens 'n kan water uitgiet om dit leeg te maak, só word die inhoud van Christus se kruisdood deur die mooi preke van menslike wysheid “uitgegiet”.

As Paulus op die preekstoel van Korinte stap, kom hy met geen ander kennis as die kennis van die Skrifte, die Ou Testament, en die getuienis van die apostels in die Nuwe Testament nie. Hy het ook geen ander tema as Jesus Christus en Hom as gekruisigde nie (1 Korintiërs 2:2).

Teenoor die nuwe gnostiese predikers wat die inhoud van die kruis leegmaak en ook die opstanding van Jesus ontken, het hy vir die Korintiërs wat agter die “nuwe teologie” aan hardloop net één antwoord, naamlik die Skrifte: “In die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang



het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte" (1 Korintiërs 15:3-4). As Paulus sê dat hy Christus volgens die Skrifte aan die Korintiërs verkondig het, dan is dit deurgaans uit die Ou Testament - ook die Psalms.

Hiermee is die apostel in sy apologie teen die vals predikers met hulle menslike wysheid en gladde woorde nog nie klaar nie. Hy verset hom oor die idee van die Korintiërs dat die preek 'n dialoog tussen die prediker op die kansel en die lidmate in die kerkbanke moet wees. Eintlik is dit nie hy, Paulus, wat preek nie, maar die Heilige Gees.

## Nie deur dialoog nie, maar deur proklamasie

'My rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag" (1 Korintiërs 2:4).

As 'n teoloog die durf het om oor Paulus se opvatting oor die prediking te skryf, is dit die minste dat hy aan die kerkvolk moet verduidelik wat daar werklik in die Bybel staan. Dan behoort hy ook in eenvoudige woorde die rykdom van die Skrif oop te maak deur op die oorspronklike woorde in die grondtale te wys; woorde wat nie altyd in 'n vertaling presies vertolk word nie.

In die aangehaalde teksvers (1 Korintiërs 2:4) is die inhoud verstommend. Paulus skryf in Grieks van sy logos en sy kerugma. Dit kan ook vertaal word met "my preek en my proklamasie". Hy praat van "oorredende woorde van menslike wysheid" waarmee hy hom nie opgehou het nie. Dit beteken inderdaad wysheidswoorde om die mense oor te haal. Hy vertel ook van die apodeiksis (in Afrikaans betoning of demonstrasie) in die krag van die Gees. Met hierdie één enkele teksvers oor die prediking, maak Paulus die hele wêreld van die Griekse filosofie en hulle metodes vir ons oop.

Die prediking is nie 'n debat (oorredende woorde) nie, maar aankondiging (die Griekse woord kerugma). Die preek is nie 'n dialoog tussen God en die gemeente nie, maar 'n uitspraak van die waarheid (die Griekse woord apodeiksis).

Volgens die denkmetode van die Griekse filosofie kan na die waarheid gesoek word deur die preek in 'n debat-

voering of 'n gesprek (dialoog) te omvorm. 'n Stelling en 'n teenstelling moet beredeneer word totdat die waarheid gevind is. Dié Griekse denkmetode is reeds meer breedvoerig behandel<sup>1</sup>.

Paulus sê nee! Ek en die gemeente het reeds die waarheid; ons hoef nie nog daarna te soek nie. Ek proklameer dit. Moenie met my terugredeneer nie. Hier is die boodskap van die Bybel. Glo jy dit óf glo jy dit nie? Ek hoef nie met mooi woorde van die heidense filosofie met sy menslike wysheid na julle te kom nie. Ek kom met die woorde van die Skrifte. Dit is die enigste maatstaf vir die waarheid. As dit alleen die Woord van God, die Skrifte is wat aan die gemeente verkondig word, wat gebeur dan in die kerk van Korinte?

## Nie welsprekendheid nie, maar die krag van die Heilige Gees

Een van die grootste waarhede wat predikers in die kerk dikwels vergeet, is dat dit die Heilige Gees is wat die geloof in die harte werk; nie die mens nie. Die Heilige Gees werk dit deur die Woord; nie deur menslike wysheid nie. Ook nie deur middel van metodes van hierdie menslike wysheid nie. Die Heidelbergse Kategismus stel dit vir ons op 'n ander manier in Sondag 35, antwoord 98: "Ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewendige verkondiging van sy Woord laat onderrig". Die stom beelde is nie alleen beelde van klip en brons nie, maar is ook die heidense "menslike wysheid" wat die plek van die Woord op die preekstoel ingeneem het.

Die Heilige Gees werk nooit sonder die Woord nie. As die Woord nie meer daar is nie, dan is die krag van die Heilige Gees ook nie meer daar nie. Die kerk word nie anders as deur God se Woord en Gees gebou nie (Heidelbergse Kategismus Sondag 21, antwoord 54).

So, predikers van die GKSA, wil julle werklik die gemeente bou? Begin dan met u primêre taak om God se Woord te proklameer. Preek alleen Jesus Christus en Hom as gekruisigde. Moenie met allerhande foefies buite die Bybel kom nie.

<sup>1</sup> VE d'Assonville, 1976. Die dwaasheid om te preek. Johannesburg: Boekhandel De Jong pp 9-16

# Byeenkoms – VGL

*En by my het byengekom almal wat gebeef het vir die woorde van die God van Israel – Esra 9:4*

Die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel hoop om Vrydagaand 24 Oktober en Saterdagoggend 25 Oktober 'n byeenkoms in die gees van Esra 9:4 te hou. Tydens die byeenkoms gaan gefokus word op die denk(strome) wat grondliggend is aan die ontwikkeling van gebeure in die kerkverband van die GKSA, in besonder soos wat dit in die neem van sekere sinodebesluite na vore gekom het. Denke oor God, die Skrif en die kerk sal onder andere aangespreek word. Prof LF Schulze (emeritus), dr VE d'Assonville (jnr) en ds ALA Buys gaan as sprekers optree.

Plek: Gereformeerde Kerk Die Kandelaar, Pretoria.  
H/v Codonia- en Dickensonlaan, Waverley.  
Tyd: Vrydag 24 Oktober vanaf 19:00 tot 21:00  
(vanaf 18:30 sal ligte verversings aangebied word)  
Saterdag 25 Oktober vanaf 08:30 tot 13:00  
(vanaf 08:00 sal ligte verversings aangebied word)  
Kontakpersone: dr Anton van den Bout - tel. (012) 379 5913, of vdenbout@mweb.co.za  
mev Joke de Wind - tel. (012) 332 4676, of jdewind@mweb.co.za

# SINODE 2003 EN STAD INTERNET (2)

Dr AH Bogaards, Daniëlskuil

## Die vrou in die amp

BM Schwertley, skrywer van die boek *Exclusive Psalmody: A Biblical Defense*, het ook 'n boek oor die vrou in die amp van diaken geskryf. Die titel van die boek is *A Historical and Biblical Examination of Women Deacons* en dit kan afgelaai word by <http://reformedonline.com/view/reformedonline/deacon.htm>. Die titel sê al waaroor dit gaan. Die skrywer gaan in op die saak van die vrou in die amp in die kerkgeskiedenis. Hy doen 'n deeglike Skrifstudie.

U kan gerus ook gaan kyk na C Bouwman (Free Reformed Church of Australia) se artikel *Deborah and Barak: Example for Women and Embarrassment for men*. U sal dit kry by <http://www.spindleworks.com>

## Die verhouding Sabbat-Sondag

Ook met hierdie onderwerp het Schwertley hom besig gehou. Sy *The Christian Sabbath* staan by die adres <http://reformedonline.com/view/reformedonline/sabbath2.htm>.

By Spindle Works (<http://www.spindleworks.com>) is daar heelwat insiggewende werke oor die Sabbat-Sondagkwessie te vinde. Daar is onder andere 'n opsomming van die boek van J Douma oor die Tien Gebooe. <http://www.spindleworks.com/library/dejong/sumdouma.htm>. C Bouwman van die Free Reformed Church of Australia het 'n mooi stuk oor Calvyn en die Sabbat geskryf ([www.spindleworks.com/library/bouwman/calvin\\_sabbath.htm](http://www.spindleworks.com/library/bouwman/calvin_sabbath.htm)).

Dan is daar ook nog sy Sabbath sanctity in a secular society ([www.spindleworks.com/library/bouwman/calvin\\_sabbath2.htm](http://www.spindleworks.com/library/bouwman/calvin_sabbath2.htm)).

Ek wys u verder op die volgende werke by Spindle: dié van J Geertsema, J Helder, JL Mackay en dan ook B Holwerda se preke oor Sondag 1 en 32 tot 44.

## Hedgebuilders

Op versoek wil ek weer een en ander herhaal oor programme op die Internet, wat bekend staan as Hedgebuilders.

Die doel van die programme is om die pad na verderflike plekke te blokkeer. Dit help ouers om te verhoed dat hulle kinders (en hulleself) verkeerde tuisblaai besoek. As so 'n program op jou rekenaar geïnstalleer is, weier die program om jou toegang te gee tot webbladsye wat geweld, pornografie, haatspraak, dobbelary en dwelms bevat. Die program bevat ook 'n hele lys van aanstootlike woorde, waarby jy ook nog ander kan voeg. Wanneer 'n webbladsy een van hierdie woorde bevat, word jou toegang daartoe versper.

Die vreemde naam Hedgebuilders het waarskynlik sy oorsprong uit Job 1:10. In die King James Version lui die teks: "Hast not thou made an hedge about him, and about his house, and about all that he hath on every side?"

Die program wat ek gebruik, is We-Blocker en dit kan gratis afgelaai word by die volgende adres: <http://www.we-blocker.com>.

## PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboomport

### Lank lewe die onsekerheid!

Prof Adrio König skryf in *Beeld* van 1 September 2003:

Nog 'n sinode van die NG Kerk het vasgeval oor die vraag of homoseksualiteit sonde is. Trouens, die sinode van Oos-Transvaal het selfs twee rapporte met teenoorgestelde standpunte voor hom gehad. Die een het gelui dat die uitoefening van homoseksualiteit sonde is en die ander een dat dieselfde norme vir homoseksualiteit moet geld as vir heteroseksualiteit: 'n vaste, duursame, eksklusiewe verhouding.

Die sinode wou nie 'n besliste standpunt inneem waarin die een standpunt aanvaar en die ander verwerp word nie, al was dit duidelik dat die steun vir die negatiewe rapport groter was as vir die positiewe rapport. Daar is 'n sin waarin 'n mens dankbaar kan wees dat die NG Kerk erken dat hy vasval. In die tradisie waarin ons staan, kos dit moed om te erken: ons is onseker, alles is nie duidelik nie.

Daar is 'n paar dinge om te onthou. Die kerk is in 'n

verskuiwingsproses betrokke. Oor 'n hele aantal dinge het ons houding verander: apartheid, "sabbatsheiliging", vroue as predikante. 'n Hele aantal ander dinge wat vroeër vir ons duidelik was, is nou nie meer duidelik nie: egskeding, 'n tweede huwelik van geskeidenes, gemeentegrense, tug vir mense wat hulle 'n tweede keer laat doop. Moet ons ontsteld wees, of dankbaar? Is dit nie goed dat ons beseft dit is nie altyd so maklik en eenvoudig om Die Bybel te gebruik in etiese kwessies nie?

Dit is duidelik dat die Bybel homoseksualiteit veroordeel. Die poging om aan te toon dat dit eintlik net om tempelprostitusie gaan, is nie oortuigend nie. Natuurlik moet ons baie versigtig wees met die tekste teen homoseksualiteit in die Ou Testament (Levitikus 18:22; 20:13; Deuteronomium 23:17,18). Daar is duisend uitdruklike bevels in die Ou Testament wat ons nie meer toepas op ons lewe vandag nie, en almal stem saam daarvoor. Daar is nie goeie rede om van hierdie een 'n uitsondering te maak nie. Trouens, selfs

mense wat dit nog aanvaar, eis nie dat hierdie mense doodgemaak word nie, terwyl dit uitdruklik in Die Bybel staan.

Maar met die Nuwe Testament is dit anders. Ten minste Romeine 1:18-32 is duidelik. Homoseksualiteit word op 'n lys van die aakligste sondes geplaas. Daarteenoor praat die sinode van homoseksuele Christene(!). Selfs die rapport wat meen dit is sonde, doen dit. Presies dit is die probleem. Hoe onder die son kan ek 'n Christen, iemand wat die Here liefhet en dien, in hierdie geselskap inforseer? Is dit so dat homoseksuele mense in daardie tyd deel van die goddelose wêreld was (en sommige dit seker vandag nog is!), maar dat daar nêrens in die Nuwe Testament van homoseksuele Christene sprake is nie, en dat ons moet aanvaar dat ons nie uit die Nuwe Testament direkte afleidings kan maak oor hulle nie.

Daarom is dit goed dat die sinode nie 'n duidelike besluit geneem het nie, maar erken het dat daar verskille is. En dit sal net so goed wees as die algemene sinode volgende jaar ook nie 'n besluit neem nie, maar dit aan gemeentes oorlaat om self te besluit. Dit is wonderlik dat daar ruimte vir verskille in 'n geloofsgemeenskap kan wees.

'n Sug van verligting word geslaak. Sterker nog: 'n stem van verwondering klink op - wonderlik, hoe wonderlik is dit! Wat is dan so wonderlik? Waaroor die soeke na woorde om enigsins uitdrukking aan die gevoel van uitsonderlike blydschap te gee?

- Dit is wonderlik dat daar ruimte vir verskille in 'n geloofsgemeenskap kan wees.
- Dit is wonderlik om met moed te erken: ons is onseker, alles is nie duidelik nie.

- Dit is wonderlik om by 'n slotsom te kom dat dit aan gemeentes oorgelaat word om self te besluit wat met betrekking tot homoseksualiteit gedink en gedoen gaan word.

Lank lewe die ruimte vir onduidelikheid, vir onsekerheid, vir verskille. Lank lewe die vermoë om onvermoënd te wees! Aldus prof König. Die Skrif - dit is: die Here! - plaas homoseksualiteit nou wel op 'n lys van aakligste sondes. Dit kan nie ontken word nie. Maar 'hoe onder die son kan ek 'n Christen, iemand wat die Here liefhet en dien, in hierdie geselskap (van aaklige sondaars) inforseer?' Hoe durf ek (ver)oordeel?

Dit klink nederig. Inderwaarheid is dié 'nederigheid' menslike brutaliteit wat in 'n suikerlagie verpak is. Die Here verafsku homoseksualiteit: Hy sê dit Self, uitdruklik. Wie is die mens dan om te sê: ek is nie so seker oor hierdie saak nie? Ek wil nie oordeel oor iemand wat sê dat hy christen is en die Here liefhet nie - al wys hy met sy lewe dat hy geen saak met die Here se uitdruklike bevel het nie.

Ware nederigheid is om die grens te trek waar die Here dit trek. Die Almagtige besluit oor reg en onreg. Oor sy besluit hoef daar geen verskil of onsekerheid of onduidelikheid te wees nie. Oor sy besluit hoef die gemeentes - en eventueel elke lidmaat individueel - nie elkeen self uit te maak wat daarmee gedoen gaan word nie. Hier word eenvoudig gehoorsaamheid gevra. Kinderlike gehoorsaamheid. Sulke gehoorsaamheid voeg gelowiges in ware eensgesindheid saam op die basis van duidelikheid en absolute geloofsekerheid.

## Manlike God?

In Die Kerkblad van Augustus 2003 het die redakteur, prof Amie van Wyk, 'n onderhoud met mev Ronél Pieterse weergegee. Mev Pieterse het 'n Meestersgraad in teologie aan die PU vir CHO verwerf. Haar man is predikant in 'n Gereformeerde Kerk, en sy preek met geleentede in die NG Kerk.

Een van die vrae wat prof Van Wyk gestel het, is: Moet ons God as manlik voorstel? Is dit die bedoeling van die Onse Vader-gebed?

Mev Pieterse antwoord: In artikel 1 van die NGB staan: 'Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en eenvoudige geestelike Wese is wat ons God noem: ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en 'n alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is'. In die Onse Vadergebed word hierdie Goddelike wese in 'n noue persoonlike verhouding met elke gelowige gestel. Ek dink dus nie ons moet God as manlik voorstel nie, omdat dit nie is hoe die Woord God openbaar nie. God is 'n geestelike Wese wat openbaar word deur vroulike en manlike metafore om aan ons verstaanbaar te wees.

Prof van Wyk betree met sy vraag heilige grond. Allerheiligste grond. Dit pas die mens om daardie grond met

die grootste respek en diepste ontsag te betree. In die lig hiervan val die vraag reeds vreemd op die ore. Die blote gedagte dat die mens God as iets voorstel, wek vrae. Ons glo in God en aanbid Hom soos Hy Homself aan ons openbaar - nie soos wat ons Hom vir onself voorstel nie. Om dan verder met verwysing na die 'Onse Vader' te vra of ons God as manlik moet voorstel, is uiters vreemd. Waarom so 'n vraag in 'n onderhoud met 'n gereformeerde lidmaat?

Die antwoord op die vraag kom nie met die Skrif en die belydenis ooreen nie. God openbaar Hom as Gees. Dit is ongetwyfeld so. Op sekere plekke word sy Wese en werke met terme uitgedruk wat vroulik is (onder andere Psalm 131). Ook dit staan vas. Dit neem nie weg dat Hy ons Vader is nie. Dwaarsdeur die Skrifte is Hy 'Hy', en nie 'Sy' of 'Dit' nie. Dit is dus onwaar om te sê dat die Woord God nie as manlik voorstel nie. Hieroor is die Skrif intendeel baie duidelik.

Teenoor prof van Wyk se vraag en mev Pieterse se antwoord is dit gepas en noodsaaklik om mekaar aan ons belydenis in Sondag 35 te bind: 'Ons mag God ... op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel nie'. Hierin 'moet ons nie wyser as God wil wees nie'.

## Vriendin-teologie

In Beeld van 27 Julie 2003 skryf prof Christina Landman oor 'n 'nuwe' teologie: vriendin-teologie.

Haai, ek lees laas week in die koerant van 'n burgemeester in Spanje wat 'n "wet" gemaak het. Donderdagaande moet mans tuis bly en vroue gaan uit.

Wat 'n uitstekende idee, dog ek. Maar, helaas, so 'n spulletjie sal in Suid-Afrika nooit werk nie. En dis nie omdat ons vroue nie weet van pret nie. Ons weet net nie van alleen uitgaan nie. In die oggend, miskien, vir koek en tee. Maar saans! Vroue wat saans alleen uitgaan, wil opgetel word, glo ons.

Sien, van kleins af het ons geleer die regte ding om te doen, is om as 'n paartjie uit te gaan. Pas was ek in standerd 8, toe vertel my vriendin my gesaghebbend dat 'n meisie wanneer sy 16 geword het, nie meer alleen behoort uit te gaan nie. En op universiteit het meisies wat Saterdagand nie 'n afspraak gehad het nie, in hul kamers met die lig af gesit, eerder as om saam iewers te gaan sit en gesellig wees.

Jare later was ek 'n deelydse kapelaan by 'n vrouemenasie. Daar het, om maar een voorbeeld te noem, 'n meisie elke aand op die trappie van die menasie vir haar kêrel gesit en wag. Soms het hy gekom en soms nie. Wanneer hy wel gekom het, het hy haar soos die trappie se matjie behandel.

Maar sy het bly wag. 'n Meisie kan nie alleen uitgaan nie, het sy gesê.

Sien, ons het nie hier 'n vroue-kultuur nie. Hoekom het die vroue nie ook 'n kultuur van saam hul probleme uitsorteer nie? Of saam bier te drink nie? Dis amper of hulle altyd teen mekaar verdeel is.

'n Mens wonder of die kerk hieraan skuldig is? Die kerk het vir vroue so 'n ereposisie as die man se helper gegee dat niemand aan haar behoeftes dink nie. Die kerk sien 'n vrou in so 'n mate as deel van 'n paartjie, dat as 'n man nie van haar 'n paartjie maak nie, sy self dink sy is nie veel werd nie.

Ek het eenkeer 'n vrou geken wat teen haar sin geskei is. Sy het geweier om saam met ander vroue uit te gaan. En op 'n dag het sy begin glo God is haar man. Daar iewers in Jesaja sê God vir Israel, sy bruid: "Ek is jou man".

En sy dog toe dit kan mos vir haar ook geld. En dit glo sy toe alles, net om deel van 'n paartjie te wees. En toe ek eers hiervan hoor, toe hoor ek van meer vroue wat so glo. En hulle was glad nie mal nie, net eensaam, en skaam dat hulle enkel is.

Of die kerk nou deel van die probleem is of nie, die teologie kan deel van die oplossing wees. So hoor ek dat daar nou in die VSA 'n Vriendin-teologie (Girlfriend Theology) aan die ontstaan is.

En miskien klink dit nou vir julle klandestien. Maar nooit, dis 'n heerlike teologie. G'n anti-man of so nie. Net lekker vroue wat bymekaarkom en 'n teologie ontwikkel wat vroue se ervarings aanspreek.

Dit het begin in kerke waar vroue tussen 14 en 40 (en ouer) groepe begin vorm het en naweke saam gaan kamp het. Hulle het altyd 'n vroulike teoloog of twee genooi om saam met hulle te gaan. En dan het die vroue teologie en ervaring

met mekaar begin deel, oor 'n klomp ouderdomme heen - en so het 'n teologie ontstaan.

En, soos ek gesê het, Vriendin-teologie gaan nie oor hoe om mans by te kom nie. Dit gaan oor vriendinne wees in die geloof. Dit gaan oor God en kerk. Dié teologie sê dat God helend teenwoordig is waar tragedies afspeel en mense pyn het. God voel ons pyn en huil saam met ons.

Dié vriendinne sê vir mekaar dat ons lewensverhale heilige tekste is waarin God voortdurend geopenbaar word. En dat ons nie kerk toe gaan om God daar te vind nie, maar God daar met mekaar te deel. En dat die kerk, op sy beste, vir ons 'n bron van heelword is en 'n agent vir verandering. En dat 'n gelowige vrou, op haar beste, iemand is wie se oë oop is vir die pyn van ander.

Nou, hier by ons kom vroue ook bymekaar, in vroueverenigings en so aan. Maar ek wonder of daar baie teologie gepraat word. En toe vrouepredikante te voorskyn begin kom het, was die vroue van die vroueverenigings dikwels nie reg vir hulle nie. En bang om 'n vrou se hand te vat wat teologie ken. Dis juis vroue wat ongemaklik voel met vroulike teoloë.

So, miskien is die tyd nou reg vir ons vir 'n nuwe kerkwet. Een wat sê dat vroue Donderdagaande moet uitgaan om teologie te praat. En dan moet daar somer nog 'n reël wees, en dit is dat dit pret moet wees. Want daar is tog heelwat teologiese stof tot pret in die Bybel wat ons vroue met vrug met mekaar kan bespreek.

Ons kan leer by die vrou in Hooglied. En by Mirjam wat so gedans het en dit nogal saam met die ander vroue. En by die vrolike bruid van Kana. En wie weet, een van die dae word pret vir vroue 'n lewenstyl. Omdat hulle as vriendinne vir mekaar leer om nie suur te word nie.

Is dit nodig om hiervan kennis te neem? Ongelukkig, ja. Want hierdie is die konsekwensie van mensgerigte denke oor die Here en sy Woord. Hierdie word stadig maar seker die atmosfeer wat ons dag na dag inasem, waaraan ons kinders blootgestel word, en wat 'normaal' word in die samelewing. Vir geen oomblik word daar meer gevra na die orde wat God geskep het en in stand hou nie. Die eer van die Here is nie naastenby in die prentjie nie. Heiligmaking, volharding, uitleef van ons Godgegewe kultuur-opdrag, lewe in verbond met God ooreenkomstig die verbondswet - dit is totaal buite die denkraamwerk. Die Skrif word op 'n loslit-styl ingepas en aangepas by die beoefenaar van nog 'n nuwe 'teologie'.

Een saak moet eerlikheidshalwe duidelik gestel word. Moenie dit teologie noem nie. Want teologie veronderstel dat daar met eerbied oor God gedink word. Moet dit ook nie teologie noem nie. Want teologie veronderstel dat daar op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse met Gods Woord omgegaan word.